’n Ontleding van Hertzogpryswenners se uitgeweryprofiele in terme van die Afrikaanse literêre netwerk en met behulp van Sosiale-netwerk-analise (SNA)

Burgert Senekal

B. A. Senekal, Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Die Hertzogprys word beskou as een van die Afrikaanse literêre pryse wat oor die meeste prestige beskik, en dit het daarom ’n sterk kanoniserende waarde. Binne die sisteemteorie word aangevoer dat literêre pryse binne ’n netwerk funksioneer, en verbind is met ander instellings en rolspelers binne die netwerk, onder andere uitgewerye. Uitgewerye wat meer literêre pryswenners oplewer, wen aan literêre prestige, wat tot voordeel strek van nuwe skrywers wat by hierdie uitgewerye publiseer. In hierdie artikel word die netwerkteorie aangewend om ondersoek in te stel na watter uitgewerye die meeste betrokke is by die publikasie van werke wat uiteindelik met die Hertzogprys bekroon word. Uitgewerye en skrywers se rolle word aangetoon ten opsigte van graadsentraliteit, nabyheidsentraliteit, tussenliggingsentraliteit en spilwaarde met betrekking tot dié prys, ten einde te bepaal watter uitgewerye en skrywers die aktiefste betrokke is by hierdie subnetwerk van die Afrikaanse literêre netwerk. Daar word ook ondersoek ingestel na die struktuur van hierdie subnetwerk, ten einde te bepaal of dit dieselfde strukturele kenmerke as komplekse netwerke in ander dissiplines vertoon.

Trefwoorde: Sosiale-netwerk-analise (SNA); netwerke; sisteem; polisisteem; kompleksiteit; Hertzogprys

Abstract

An analysis of the publishing profiles of winners of the Hertzog Prize in terms of the Afrikaans literary network and using Social Network Analysis (SNA)

It has become an accepted principle in the study of especially Afrikaans and Dutch literature that literary works are their status due not only to the activities of writers or the texts’ intrinsic characteristics, “maar ook en vooral aan andere actoren die gericht zijn op symbolische (critici, docenten, tijdschriftredacteuren, jury’s) of materiële productie (uitgevers, boekhandelsketens, boekenclubs)” [but also and especially to other actors aimed at

symbolic (critics, teachers, journal editors, juries) or material production (publishers, bookstore chains, book clubs)] (Van Rees and Dorleijn 2006:18). Since Even-Zohar proposed his polysystem hypothesis in the 1970s, numerous literary studies have been conducted from a systems theory perspective, often in conjunction with Bourdieu's field theory. From both these perspectives the above-mentioned actors within the literary system contribute to a text's status *as literature*, and to understand the dynamics of the literary system and how the mechanisms of canonisation function, it is therefore paramount to study a text's relationships with other role players. Publishing houses play an especially important role in constructing the literary canon, as Verboord (2003:271) writes: "The more authors of a high literary status on the publisher's list, the more prestigious the publishing house, and the more this prestige reflects on other less prestigious authors on the publisher's list." In terms of the Dutch literary system, Verboord, Janssen and Van Rees (2006:295) argue that De Bezige Bij and Querido are the most prestigious publishing houses, capable of reflecting their prestige on to newcomers whose works are published here, which raises the question as to which publishing houses fulfil similar roles in the Afrikaans literary system.

Over the past decade and a half, network theory has become an increasingly popular and essential approach to the study of complex systems; as Ottino (2005:1843) states: "The mathematical toolkit of techniques to study complex system studies includes nonlinear dynamics, agent based models, statistical mechanics and network theory. [...] The third element in the toolbox is the newest: network theory." Network theory is both a theoretical paradigm, closely related to systems theory, and an analytical technique, and is truly interdisciplinary: from film actor networks to citation analysis, from metabolic processes to ecosystems, from terrorist networks to international trade, network analysis has the ability to represent and study virtually any system, up to and including networks as large as the World Wide Web or the international film actor network. Like systems theory, network theory emphasises that the relationships between entities are key to understanding the functioning of the network, but unlike systems theory, network analysis has the ability to represent the network visually and calculate the roles entities fulfil. Apart from a few isolated studies, including the works of Wouter de Nooy, Helmut Anheier and Jürgen Gerhards, network theory has, however, not been applied to literary systems or fields, despite its conceptual overlap with systems theory. Staber (2008:569) also calls for the use of network analysis in the study of cultural systems: "Social relationships provide the medium through which imagination and talent flow, and they situate creativity in an institutional context. Networks constitute a strategic resource for nurturing individual creativity and for turning individual talent and imagination into collective creativity."

In following Senekal (2012), this article illustrates the applicability of Social Network Analysis (SNA) to the study of the literary system in terms of the relationship between publishing houses and authors who have received the Hertzog Prize, which is one of the most prestigious literary awards in Afrikaans. Smuts (2005:2) states: "Deur die jare het dit die status verwerf as dié prestigeprys vir letterkunde in Afrikaans" [Over the years, [the Hertzog Prize] has acquired the status as *the* prestige prize for literature in Afrikaans], and thus it has a particularly strong canonising value. Unlike many other literary prizes the Hertzog Prize may be awarded to a work published at any publishing house, and the question therefore arises: Which publishing houses have yielded the most Hertzog Prize winners? Does NB Publishers play a definitive role in supporting such authors, or do smaller publishing houses

(also) play a key role? Which of NB Publishers's subdivisions/imprints (e.g. Tafelberg, Human & Rousseau, Kwela and Queillerie) are the most active?

Using a list of authors who have received this prize, as well as of where they published their works, this article considers all works published by these authors. The roles of authors and publishing houses are indicated in terms of degree centrality, closeness centrality, betweenness centrality and hub value, and some examples are given that illustrate how the publishing profiles of winners of the Hertzog Prize differ: some authors, like André P. Brink and Breyten Breytenbach, publish at a large number of publishers and therefore have high degree centralities, while others, such as A.G. Visser, Henning Pieterse, Toon van den Heever, Deon Opperman and Totius have low degree centralities. It is also found that Tafelberg and Human & Rousseau publish the works of the greatest number of works written by winners of the Hertzog Prize, followed by J.L. van Schaik, Nasionale Boekhandel and Perskor, while African Sun, Best Books, Buchu, Daan Retief, Fontein Publishing and others are shown to publish few works of authors awarded the Hertzog Prize. Tafelberg and Human & Rousseau are therefore shown to be the publishing houses that are most actively involved in the publication of the works of Hertzog Prize winners. In terms of betweenness centrality, Tafelberg and Human & Rousseau again dominate this network, followed by Afrikaanse Pers-boekhandel, J.L. van Schaik and Nasionale Boekhandel, which means Tafelberg in particular is a key player in the network around Hertzog Prize winners. Tafelberg is therefore in all likelihood the publishing house with the most literary prestige, as it is the dominant publisher in relation to one of the most prestigious Afrikaans literary awards.

Furthermore, as Bullmore and Sporns (2009:188) explain, "Random networks have low average clustering whereas complex networks have high clustering." This article also shows that this cultural sub-network exhibits a similar high clustering around well-connected nodes as found in other complex networks, further supporting the applicability of the theory of complex networks by means of deduction.

Keywords: polysystem theory; complex systems; systems; field theory; complex networks; social network analysis; Hertzog Prize; publishing houses

1. Inleiding

Dit het 'n aanvaarde uitgangspunt in die literatuurstudie geword dat literêre werke hul status te danke het nie alleen aan die aktiwiteite van skrywers nie, "maar ook en vooral aan andere actoren die gericht zijn op symbolische (critici, docenten, tijdschriftredacteuren, jury's) of materiële productie (uitgevers, boekhandelsketens, boekenclubs)" (Van Rees en Dorleijn 2006:18). Dorleijn en Van Rees (2006) wy 'n hele boek aan die studie van die Nederlandse literêre veld.

Shavit (1991:233) se stelling dat "[a] text gains a high status not because it is valuable, but because someone believes it to be valuable and more important, because someone has the political-cultural power to grant the text the status they believe it deserves" is wel radikaal (kyk ook Herrnstein-Smith 1984:11). Min letterkundiges behoort egter deesdae beswaar te maak teen die basiese uitgangspunt van Verboord (2003:262), naamlik dat "[t]he position in

the literary field is indicated by the relationship the author has with institutions in the field (publishing house, literary criticism, literary awards)". Van Coller (2004:1) noem byvoorbeeld dat skrywerskappe wat die etiket "legitiem" dra én gekanoniseer is, onder andere by bepaalde uitgewers tuisgebring is, terwyl Van Rees, Janssen en Verboord (2006:243) aantoon dat uitgewerye nie betrokke is net by die materiële produksie van literatuur nie, maar ook by die simboliese produksie daarvan:

> In hun bestaansgeschiedenis hebben uitgeverijen, met hun publicaties, een fondslijst opgebouwd die hen in verschillende mate klasseert als *literaire* uitgeverij. En dat gegeven blijkt van groot belang voor de beslissing van critici om een nieuwe titel of auteur wel of niet te bespreken.

Die spesifieke uitgewery van 'n werk is dus 'n belangrike faktor in die uiteindelike klassifisering van die skrywer daarvan se werk as literatuur, en Verboord, Janssen en Van Rees (2006:295) voer aan dat boeke wat uitgegee word deur Nederlandse uitgewerye wat baie prestige geniet – soos De Bezige Bij en Querido – 'n groter kans het om geresenseer te word en om vir literêre pryse in aanmerking te kom. Daar bestaan dus 'n verband tussen die toekenning van literêre pryse en uitgewers, en hierdie verband dra by tot die uiteindelike prestige van 'n literêre werk en sy kanse om gekanoniseer te word: "The more authors of a high literary status on the publisher's list, the more prestigious the publishing house, and the more this prestige reflects on other less prestigious authors on the publisher's list" (Verboord 2003:271). Literêre pryse stempel 'n werk natuurlik tot een van uitsonderlike gehalte, en in die lig van bostaande is dit dus belangrik om ondersoek in te stel na watter uitgewerye meer gereeld die werke van literêre pryswenners publiseer, aangesien dit 'n aanduider is van die literêre prestige wat uitgewerye geniet, asook watter uitgewerye die opvallendste bydrae lewer om van skrywers pryswenners te maak.

Die Hertzogprys[1] – sedert 1916 toegeken deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (dikwels kortweg "die Akademie" genoem) – is die oudste literêre prys in Afrikaans. Dit is ook een van die mees gesogte literêre pryse in Afrikaans. Soos Smuts (2005:2) dit stel: "Deur die jare het dit die status verwerf as dié prestigeprys vir letterkunde in Afrikaans." Die Akademie noem die Hertzogprys "die vernaamste prestigeprys in die Afrikaanse letterkundige wêreld" (SAAWK 2011). Opvallend is die bepaalde lidwoord in hierdie twee stellings; met ander woorde die Hertzogprys is dié prestigeprys. Van der Elst (2011) is meer beskeie oor die waarde van die prys en verkies die onbepaalde lidwoord wanneer hy die Hertzogprys "'n belangrike barometer van die Afrikaanse letterkunde" en "steeds 'n gesogte trofee vir ons skrywers" noem, en herinner ook dat die "SA Akademie [...] hoegenaamd nie daarop aanspraak [maak] dat hy die enigste beoordelaar of keurder van die Afrikaanse letterkunde is nie". Nietemin kan 'n mens saamstem met Smuts (2005:3) dat die Hertzogprys "'n sterk kanoniserende waarde" het, en as sodanig is die Hertzogpryswenners grotendeels die mees gekanoniseerde skrywers in Afrikaans, soos ook in Afrikaanse literatuurgeskiedenisse weerspieël word.

Die Akademie oorweeg "alle publikasies vir bekroning, nie net dié van sekere uitgewers nie, soos wat wel die geval is by van die ander pryse" (Smuts 2005:3). Die vraag ontstaan dus: Watter uitgewerye het die meeste Hertzogpryswenners opgelewer? Is dit NB-Uitgewers wat die deurslaggewende rol in terme van die rugsteuning van sulke skrywers speel, of speel kleiner uitgewerye (ook) 'n bepalende rol? Watter van NB-Uitgewers se afdelings/drukname

is die aktiefste? Hierdie artikel gebruik Sosiale-netwerk-analise(SNA) om die uitgeweryprofiele van die Hertzogpryswenners onder die loep te neem ten einde te bepaal watter uitgewerye die meeste van hierdie skrywers se werke gepubliseer het.

'n Laaste oogmerk van hierdie artikel is om te bepaal of die netwerk wat hier ondersoek word, ook dieselfde strukturele kenmerke as ander komplekse netwerke vertoon, ten einde vas te stel in watter mate die strukturele kenmerke van komplekse netwerke, soos onder andere deur Oltvai en Barabási (2002:763) beskryf, ook in 'n literêre netwerk opduik. Indien hierdie strukturele kenmerke ook in die netwerk voorkom wat hier ondersoek word, is die implikasie dat die teorie van komplekse netwerke verder deur middel van deduksie ondersteun kan word.

2. Teoretiese agtergrond

Die sisteemteoretiese benadering tot die Afrikaanse letterkunde is só welbekend dat dit in hierdie artikel nie 'n volledige uiteensetting regverdig nie. Wel moet daarop gelet word dat wat Even-Zohar (1990) die polisisteem noem, ook beskryf kan word as 'n sisteem-van-sisteme. Soos Codde (2003:112) opmerk: "[E]very subsystem of a polysystem is in itself a polysystem consisting of several polysystemic (sub)subsystems, while every mega-polysystem is the subsystem of a still larger entity" (kyk ook Senekal 2012:619). Lewende organismes, gemeenskappe en sosiale sisteme, insluitend kulturele sisteme, word gewoonlik as kompleks gesien, en hierdie voorkoms van 'n sisteem-van-sisteme word ook binne sosiale sisteme aangetref. Limburg, O'neill, Costanza en Farber (2002:410) voer byvoorbeeld aan: "Human societies are complex, adaptive systems, but they are embedded within even more complex, adaptive ecosystems." Lawson, Ferris, Cropley en Cook (2006:12) beweer dat hierdie aspek van komplekse sisteme op die beste manier voorgestel kan word deur SNA:

> System-of-Systems can be represented more effectively as a Network. This is a set of clusters of nodes or elements strongly connected within each cluster and with connections between clusters that range from strong to weak, intermittent to permanent and provide the channels for a wide range of transactions.

Komplekse sisteme kan as netwerke benader word ten einde die gereedskap van SNA te benut in die ontleding daarvan, soos Amaral en Ottino (2004:147), Ottino (2005), Butts (2009:325) en Senekal (2012) aanvoer. Trouens, Ottino (2005:1843) skryf: "The mathematical toolkit of techniques to study complex system studies includes nonlinear dynamics, agent based models, statistical mechanics and network theory. [...] The third element in the toolbox is the newest: network theory."

'n Netwerk kan eenvoudig gedefinieer word as "a set of interconnected nodes, where a node is a basic element or a fundamental unit with detailed contents depending on the nature of the specific network under consideration" (Wang 2002:885). Netwerke hoef natuurlik nie alleenlik mense of organisasies in te sluit nie; ook konsepte kan betrek word, soos Staber (2008) aanvoer. Netwerk-analise fokus op die rolle wat entiteite (ook genoem nodusse of akteurs) binne 'n netwerk inneem, wat in hierdie artikel beteken dat die nodusse uitgewerye en skrywers is. Netwerke is sisteme waar elemente in interafhanklikheid tot mekaar staan,

en die fokus in SNA val op hoe die onderlinge skakels tussen nodusse hul funksionering bewerkstellig, soos die fokus van die polisisteemteorie (en die teorie van die literêre veld) ook val op die interaksie tussen entiteite binne die literêre polisisteem of veld.

SNA help veral om belangrike rolspelers in komplekse netwerke te identifiseer, en soos Viljoen (1984:67) aanvoer, gaan dit in literêre sisteme ook "dikwels oor watter van die verskillende entiteite in die sisteem oorheers". SNA bemiddel dus die identifisering van entiteite wat die sisteem oorheers. Belangrik is egter dat 'n sisteemteoretiese ondersoek nie alleen op 'n enkele entiteit (of selfs daardie entiteit se verhoudings) kan fokus nie. Soos Luke en Stamatakis (2012:358) 'n mens herinner: "Because the interesting behaviour of systems is emergent, it is necessary to study a system as a whole, rather than to decompose it and study its individual parts." SNA is dus veral geskik om verhoudings binne 'n sisteem te ontleed, omdat dit die ontleder in staat stel om verhoudings in die konteks van die hele netwerk te ontleed.

Wellman (1983:168) meen:

> The ties between two individuals are important not only in themselves but also as parts of the social networks in which they are embedded. Each tie gives participants potential indirect access to all those with whom other dyad members are connected. These compound chains transmit and allocate scarce resources, fitting network members into larger social systems.

Anheier en Gerhards (1991) en Anheier, Gerhards en Romo (1995), tesame met De Nooy (1991 en 2003), is deel van 'n klein groep navorsers binne die letterkunde wat die potensiaal van SNA in hierdie verband raakgesien het; en Senekal (2012) dui met behulp van SNA 'n verwantskap tussen skrywers en kritici aan.

Staber (2008:569) glo ook dat netwerk-analise bruikbaar is in die bestudering van kulturele netwerke:

> Social relationships provide the medium through which imagination and talent flow, and they situate creativity in an institutional context. Networks constitute a strategic resource for nurturing individual creativity and for turning individual talent and imagination into collective creativity.

SNA kan nodusse se rolle binne 'n netwerk bepaal ten opsigte van onder andere graadsentraliteit, nabyheidsentraliteit en tussenliggingsentraliteit (kyk byvoorbeeld Prell 2012:96–114 en Senekal 2012:624–34). Hierdie aanduiders is wiskundige formules wat nie in hierdie artikel weergegee word nie, aangesien die rekenaarprogrammatuur wat vir hierdie studie gebruik word, naamlik Sentinel Visualizer,[2] outomaties hierdie formules gebruik om berekenings te maak. Data word gevisualiseer met behulp van 'n sosiogram, wat ontleding vergemaklik. Ten einde so 'n ontleding te doen, moet nodusse natuurlik op 'n databasis aangebring word, asook hul skakels. Wellman (1983:172) herinner ons: "While ties are rarely symmetric, they are usually reciprocated in a generalized way. [...] [T]he power of patrons is to some extent based on their ties with clients, as the ties themselves are a scarce resource." Dit beteken dat van die veronderstelling uitgegaan kan word dat skrywers en uitgewerye mekaar se prestige wedersyds sal beïnvloed.

3. Metodiek

In hierdie artikel word SNA toegepas om uitgewerye se posisies binne die subnetwerk van Hertzogpryswenners te bereken ten opsigte van die aanduiders graadsentraliteit, nabyheidsentraliteit, tussenliggingsentraliteit en spilwaarde, en hierdie netwerk verteenwoordig slegs één van vele subnetwerke waaruit die Afrikaanse literêre netwerk opgebou is. Skrywers en uitgewerye is, met behulp van inligting verkry vanaf die webtuistes www.akademie.co.za, http://www.litnet.co.za/Category/boeke-skrywers/skrywers/atkv-skrywersalbum, www.stellenboschwriters.com en www.worldcat.org, asook uit die drie dele van die mees onlangse uitgawe van *Perspektief en profiel* (Van Coller (red.) 1998, 1999 en 2006), in hierdie verband aan mekaar gekoppel. 'n Sigblad (*spreadsheet*) waarop die skrywers se name, hul gepubliseerde werke, publikasiedatums en name van uitgewerye (van alle werke) aangebring is, is saamgestel. Die datastel is wedersyds aanvullend uit hierdie bronne saamgestel, omdat uitgewerye byvoorbeeld nie aangedui word in *Perspektief en profiel* nie. Uiteraard is slegs skrywers wat die Hertzogprys ontvang het, ingesluit, naamlik dié in Tabel 1 aangedui:

Tabel 1. Skrywers wat die Hertzogprys ontvang het (alfabeties volgens noemname of voorletters)

1. A.G. Visser	26. Henriette Grové
2. Adam Small	27. I.D. du Plessis
3. André P. Brink	28. Ina Rousseau
4. Anna M. Louw	29. Ingrid Winterbach
5. Antjie Krog	30. J.F.W. Grosskopf
6. Bartho Smit	31. Jochem van Bruggen
7. Boerneef	32. Johann de Lange
8. Breyten Breytenbach	33. Karel Schoeman
9. C. Louis Leipoldt	34. Leon Maré
10. C.M. van den Heever	35. M.E.R.
11. Chris Barnard	36. Marlene van Niekerk
12. D.F. Malherbe	37. Mikro
13. D.J. Opperman	38. N.P. Van Wyk Louw
14. Deon Opperman	39. P.G. du Plessis
15. Elisabeth Eybers	40. Petra Müller
16. Elise Muller	41. Pieter Fourie
17. Elsa Joubert	42. Reza de Wet
18. Ernst van Heerden	43. Sangiro
19. Etienne Leroux	44. Sheila Cussons
20. Etienne van Heerden	45. T.T. Cloete
21. F.A. Venter	46. Toon van den Heever
22. Gerhard Beukes	47. Totius
23. H.A. Fagan	48. Uys Krige
24. Hennie Aucamp	49. Wilma Stockenström
25. Henning Pieterse	

Hierdie skrywers se werke is by die volgende uitgewerye uitgegee:

Tabel 2. Alfabetiese lys van uitgewerye betrokke by die publikasie van (alle) werke van Hertzogpryswenners

1. Academica	43. Kagiso en Intaka
2. Ad Donker	44. Kairos
3. African Sun Media	45. Kerk-uitgewers
4. Afrikaanse Pers-Boekhandel	46. Klaus Wagenbach
5. Aldus-Presse Reicheneck	47. Koomans
6. Ametis	48. Kwela
7. Archipelago Books	49. LAPA
8. Balkema	50. Makro
9. Benedic	51. Meulenhoff
10. Best Books	52. Nasionale Persboekhandel
11. Buchu Books	53. Nasou
12. Buren	54. Nationale Handelsdrukkery
13. Constantia	55. Onbekend
14. Culemborg	56. Perskor
15. Daan Retief	57. Pro Arte
16. Dagbreek-Boekhandel	58. Protea Boekhuis
17. Dagbreek-Boekkring	59. Querido
18. Dalro	60. Queillerie
19. David Philip	61. RAM-Boeke
20. De Bussy	62. Random House
21. De Nationale Pers	63. Reijger
22. Die Poorte	64. Saayman & Weber
23. Drostdy-Boekklub	65. Sederberg Uitgewers
24. Faber & Faber	66. Simondium
25. Fontein Publishing Co	67. Stellenbosch Universiteitsuitgewers
26. Frans Hals Museum	68. Stewart Publishing
27. G. van Tonder	69. Stichting Poetry International
28. G.A. van Oorschot	70. Stols
29. Goeie Hoop	71. Swets & Zeitlinger
30. HAUM	72. Tafelberg
31. HAUM-Literêr	73. Taurus
32. Het Westen-Drukkerij	74. Umuzi
33. Homeros	75. Unie Volkspers
34. Hond	76. Unie-Boekhandel
35. Human & Rousseau	77. Universiteit van Pretoria
36. Intaka	78. Van de Sandt de Villiers
37. J.H. de Bussy	79. Van der Walt
38. J.L. van Schaik	80. Van Gennep
39. John Calder	81. Volksblad-Drukkerij
40. John Malherbe	82. Voortrekker-Boekklub
41. Jonathan Cape	83. Voortrekkerpers

42. Juta	

Daar is altesaam 83 uitgewerye, 49 skrywers en 909 literêre werke betrokke by hierdie studie. Hierdie data is vervolgens deur Sentinel Visualizer verwerk nadat nodusse geskakel is, byvoorbeeld dat skrywer *x* se boek *y* by uitgewery *z* verskyn het. Hierdie nodusse (skrywers, uitgewerye en werke) en hul onderlinge skakels verteenwoordig die netwerk wat in hierdie artikel ondersoek word. Die resultaat van die sosiogrammatiese visualisering van die skakelings, soos hierna voorgestel, is onleesbaar, maar toon wel hoe verwikkeld hierdie netwerk is:



Figuur 1. Die netwerk van Hertzogpryswenners en uitgewerye

Let veral op die groeperings van nodusse. Groeperings kom voor waar meer skakels tussen ’n groep nodusse voorkom as tussen hulle en nodusse binne ’n ander groepering (Boccaletti, Latora, Moreno e.a. 2006:184–5). Bullmore en Sporns (2009:188) verduidelik: “Random networks have low average clustering whereas complex networks have high clustering.” Dit is dus duidelik dat hierdie netwerk in hierdie opsig nie lukraak is nie, maar eerder kompleks. Laasgenoemde bron (Bullmore en Sporns 2009:187) verskaf ook die volgende omskrywing van komplekse netwerke:

> [A] network with certain topological features, such as high clustering, small-worldness, the presence of high-degree nodes or hubs, assortativity, modularity or hierarchy, that are not typical of random graphs or regular lattices. Most real-life networks are complex by this definition [...].

Die netwerk wat in hierdie artikel ondersoek word, is wel ’n subnetwerk (dit verteenwoordig nie die hele Afrikaanse literêre netwerk nie), maar is steeds ’n komplekse netwerk.

Hierdie struktuur ondersteun Oltvai en Barabási (2002:763) se stelling dat “universal organizing principles apply to all networks, from the cell to the World Wide Web”, aangesien komplekse netwerke áltyd so ’n struktuur van groepering vertoon – of dit ’n breinnetwerk (kyk Bullmore en Sporns 2009:193), metaboliese netwerk (Boccaletti e.a. 2006:261–6), kommunikasienetwerk (Haythornthwaite, Wellman en Mantei 1995) of ekosisteem (Boccaletti e.a. 2006:190) is wat ondersoek word. Die identifikasie van nodusse waaromheen sulke groeperings in so ’n komplekse netwerk ontstaan, het belangrike implikasies. Newman (2003:180) skryf: “Real networks are nonrandom in some revealing ways that suggest both possible mechanisms that could be guiding network formation, and possible ways in which we could exploit network structure to achieve certain aims.” Vir die letterkunde beteken “exploit network structure” dat ’n skrywer wat eendag tot die kanon wil behoort, liefs by sekere uitgewers moet publiseer, terwyl “possible mechanisms that could be guiding network formation” ’n aanduiding kan wees van die literêre prestige wat aan sommige uitgewers gekoppel word, soos hier bo vermeld rakende die Nederlandse literêre sisteem.

Watter uitgewers hier ter sprake is, word in die volgende onderafdelings bespreek.

4. Bevindings

In die onderafdelings wat volg, word bogenoemde data in terme van graadsentraliteit, nabyheidsentraliteit, tussenliggingsentraliteit en spilwaarde bespreek, ten einde tot ’n beter insig te kom rakende die struktuur van hierdie subnetwerk.

4.1 Graadsentraliteit

Graadsentraliteit dui eenvoudig op die aantal skakels wat ’n nodus binne ’n netwerk het. Hoe groter die aantal skakels, hoe hoër is sy graadsentraliteit (Boccaletti e.a. 2006:177). Graadsentraliteit is ’n aanduider van ’n nodus se betrokkenheid of aktiwiteit binne ’n netwerk, maar nie noodwendig van sy invloed of populariteit nie (Prell 2012:97). Graadsentraliteit bereken alleenlik die aantal skakels wat ’n nodus in sy onmiddellike omgewing het, en neem

ook nie die res van die netwerk in ag nie, anders as die ander vorme van sentraliteit (soos verderaan aangetoon). In terme van graadsentraliteit is SNA egter bruikbaar vir die onderhawige bespreking: Dit dui aan watter uitgewers die aktiefste binne die netwerk is, en watter skrywers by die grootste verskeidenheid uitgewerye publiseer. Die tien uitgewerye met die hoogste mate van graadsentraliteit binne hierdie subnetwerk is die volgende:

1. Tafelberg
2. Human & Rousseau
3. J.L. van Schaik
4. Nasionale Boekhandel
5. Perskor
6. Afrikaanse Persboekhandel
7. Nasionale Pers
8. HAUM-Literêr
9. Taurus
10. Protea Boekhuis

Hieruit kan afgelei word dat Tafelberg oor die algemeen die aktiefste in die publisering van die werke van Hertzogpryswenners is, met Human & Rousseau op sy hakke, ensovoorts. Aangesien hierdie uitgewerye die aktiefste is in die publisering van Hertzogpryswenners se werke, kan veronderstel word dat hulle ’n besondere mate van literêre prestige het, en dat publikasie by een van hierdie uitgewerye ’n aanduiding is dat ’n skrywer ’n groter kans het om vir die Hertzogprys in aanmerking te kom.

Die volgende skrywers wat in Tabel 1 gelys is, se werke is deur Tafelberg uitgegee. Let daarop dat dit al die werke van alle Hertzogpryswenners insluit, nie alleen dié wat met die Hertzogprys bekroon is nie:



Figuur 2. Hertzogpryswenners wat by Tafelberg gepubliseer het

Human & Rousseau het die volgende Hertzogpryswenner-skrywers se werke uitgegee:



Figuur 3. Hertzogpryswenners wat by Human & Rousseau gepubliseer het

Die genoemde twee uitgewerye se profiele oorvleuel ten opsigte van die volgende skrywers – dit is dus die skrywers van wie werke deur albei die uitgewerye boaan die lys van aantal Hertzogpryswenner-publikasies uitgegee is.



Figuur 4. Oorvleueling van skrywersprofiele by Tafelberg en Human & Rousseau

Die Hertzogpryswenners met die hoogste mate van graadsentraliteit is:

1. Breyten Breytenbach
2. André P. Brink
3. H.A. Fagan
4. Elisabeth Eybers
5. Uys Krige

6. Hennie Aucamp
7. Mikro
8. N.P. Van Wyk Louw
9. Antjie Krog
10. C. Louis Leipoldt.

Die gelyste tien skrywers is dié wat die wydste gepubliseer het – by die meeste uitgewerye. Breyten Breytenbach het byvoorbeeld by die volgende uitgewerye gepubliseer (al sy werke ingereken, beide dié wat bekroon is met die Hertzogprys en al sy ander werke):



Figuur 5. Breyten Breytenbach se uitgeweryprofiel

André P. Brink se werke is by die volgende uitgewerye gepubliseer:



Figuur 6. André P. Brink se uitgeweryprofiel

Hierdie twee skrywers se profiele oorvleuel ten opsigte van die volgende uitgewerye:



Figuur 7. Oorvleueling van Breyten Breytenbach en André P. Brink se uitgeweryprofiele

Dit is dus duidelik dat alhoewel Tafelberg ’n belangrike rolspeler in terme van die uitgee van Hertzogpryswenners se werke oor die algemeen is, ander uitgewerye ’n groter rol speel in individuele skrywers se oeuvres. Volgens Figuur 7 sluit die twee skrywers met die grootste mate van graadsentraliteit se gemeenskaplike uitgewers ook byvoorbeeld Taurus, Buren en Faber & Faber in, alhoewel hierdie uitgewerye nie so ’n groot graadsentraliteit as Tafelberg of Human & Rousseau het in die subsisteem van die Hertzogprysuitgewers wat hier ondersoek word nie.

Die uitgewerye met die laagste graadsentraliteit is African Sun, Best Books, Buchu, Daan Retief, Fontein Publishing, Jonathan Cape, Juta, Kagiso, Kairos en Nasou. Dit beteken dat hierdie uitgewerye die minste van die Hertzogpryswenners se werke uitgegee het.

Die skrywers met die laagste graadsentraliteit in die Hertzogprys-subnetwerk is:

1. A.G. Visser
2. Henning Pieterse
3. Toon van den Heever
4. Deon Opperman
5. Totius
6. Sangiro
7. J.W.H. Grosskopf
8. Gerhard Beukes
9. Leon Maré
10. Ina Rousseau.

Dit beteken bloot dat hierdie skrywers die minste skakels het, beide as gevolg van ’n kleiner aantal publikasies en as gevolg van ’n kleiner aantal uitgewerye deur wie hulle werke gepubliseer is.

4.2 Nabyheidsentraliteit

Wellman (1983:173) skryf: “Ties link network members indirectly as well as directly; hence ties must be analyzed within the context of larger network structures.” Terwyl graadsentraliteit slegs die nodus se onmiddellike omgewing in ag neem, neem die ander aanduiders van sentraliteit die onmiddellike omgewing *teen die agtergrond van die hele netwerk* in ag.

Nabyheidsentraliteit dui op ’n nodus se onafhanklikheid binne ’n netwerk (Prell 2012:107). So ’n nodus het vrye toegang tot ’n verskeidenheid kanale, sonder om afhanklik te wees van een spesifieke ander nodus. Die uitgewery van Hertzogpryswenners se werke met die grootste mate van nabyheidsentraliteit is Tafelberg, gevolg deur Human & Rousseau, Nasionale Boekhandel, Afrikaanse Pers-boekhandel, Perskor en Taurus.

Die Hertzogpryswenners met die grootste mate van nabyheidsentraliteit is:

1. André P. Brink
2. Elisabeth Eybers
3. N.P. Van Wyk Louw
4. Uys Krige
5. H.A. Fagan
6. Henriëtte Grové
7. Ernst van Heerden
8. Mikro
9. C. Louis Leipoldt
10. Pieter Fourie.

Hierdie skrywers is dus die minste afhanklik is van ’n enkele uitgewery; hulle geniet die grootste mate van publikasievryheid in die netwerk.

4.3 Tussenliggingsentraliteit

Tussenliggingsentraliteit-analise meet die mate waarin ’n nodus ’n skakel tussen ander nodusse is wat nie andersins verbind sou wees nie (Prell 2012:104). Indien ’n nodus so ’n posisie beklee, het hy beheer oor die inligting wat tussen die ander nodusse beweeg, wat hom uiteraard ’n kragtige rolspeler binne ’n netwerk maak. Haythomthwaite (1996:335) skryf byvoorbeeld in hierdie verband: “By facilitating, controlling, or inhibiting the flow of information from one site to another in the network, central actors can maintain, create, or prevent the creation of information pathways.” (Kyk ook Petraeus 2006:B–44 en Boccaletti e.a. 2006:183.)

Afgesien van beheer oor inligting wat binne die netwerk beweeg, verteenwoordig ’n tussenliggende nodus natuurlik ook ’n kwesbaarheid, aangesien die verlies aan so ’n nodus die verbrokkeling van skakels beteken (FMS Advanced Systems Group 2012:104).

Navorsing het getoon dat tussenliggingsentraliteit die “belangrikste” nodusse (kyk Prell 2012:107 en Boccaletti e.a. 2006:183) binne ’n netwerk is – die leiers en mees invloedryke nodusse in die netwerk.

Die uitgewerye met die grootste mate van tussenliggingsentraliteit is:

1. Tafelberg
2. Human & Rousseau
3. Afrikaanse Pers-boekhandel
4. J.L. van Schaik
5. Nasionale Boekhandel
6. Perskor
7. Nasionale Pers
8. HAUM-Literêr
9. HAUM
10. Dalro.

Dit beteken dat die verlies aan een van hierdie uitgewerye die betreklik grootste knou vir die Afrikaanse literêre netwerk wat rondom die Hertzogpryswenners sentreer, sou inhou; hierdie uitgewerye is/was die sleutel tot die publikasie van die Hertzogpryswenners se werke.

In die volgende sosiogram word nodusse met ’n groter mate van tussenliggingsentraliteit (hoofsaaklik Tafelberg, Human & Rousseau en Nasionale Pers-Boekhandel) deur donkerder kleure uitgesonder:



Figuur 8. Tussenliggingsentraliteit in die netwerk van Hertzogpryswenners

Ek is van egter van mening dat die interpretasie van tussenliggingsentraliteit as aanduider van die "belangrikste" nodusse binne die netwerk versigtig hanteer moet word wanneer kulturele netwerke ter sprake is. 'n Enkele skrywer kan byvoorbeeld met 'n enkele werk – ongeag waar dit uitgegee is – 'n beduidende impak op die literêre netwerk hê. Die literêre netwerk laat enkele nodusse toe om 'n groter rol te speel as wat hulle posisie binne die struktuur aandui; dus is tussenliggingsentraliteit eerder 'n aanduider van *waarskynlike belang* as van *verwesenlikte belang*.

4.4 Spilwaarde

Andrew Haldane, die uitvoerende direkteur van finansiële stabiliteit by die Bank of England, meen "a targeted attack on a hub risks bringing the heart of the system to a standstill" (2009:11); dít strook met Bullmore en Sporns (2009:195) se waarneming van die

vernietigende impak wat die verlies aan spilnodusse in die brein het. Die identifisering van spilpunte is dus ’n belangrike aspek van die ontleding van komplekse netwerke, maar aangesien komplekse netwerke aanpasbaar is, beteken die verlies van ’n enkele nodus nie noodwéndig dat die netwerk tot niet sal gaan nie, aangesien ander nodusse daardie nodus se rol mag oorneem. Dit mag egter wel gebeur dat die verlies aan ’n spilnodus ’n ineenstorting veroorsaak, soos byvoorbeeld gevind word in elektrisiteitsnetwerke. Soos Boccaletti e.a. (2006:220) verduidelik:

> Avalanche of breakdowns over the network is a serious threat when node and links are sensitive to overloading. In a power transmission grid, for instance, each node (power station) deals with a load of power. The removal of nodes, either by random breakdown or intentional attacks, changes the balance of flows and leads to a global redistribution of loads over all the network that can be, in some cases, not tolerated and might trigger a cascade of overload failures.

De Wet (1994:67) toon aan dat die spilfiguur in die literêre sisteem gekenmerk word daardeur dat hy “besonder aktief in die literêre sisteem is, dat sy aktiwiteit produkte lewer wat hoog aangeslaan word en gekanoniseer word, en dat hy aktiwiteit/gebeure rondom hom konsentreer”. In die netwerk wat hier bestudeer word, word die spilposisie deur Tafelberg ingeneem (aangedui met die rooi blokkie):



Figuur 9. Tafelberg: Die spil in die netwerk van Hertzogpryswenners

Dit is ook duidelik wáárom Tafelberg hierdie bevoorregte posisie beklee: ’n sterk groepering bestaan rondom Tafelberg, soos uit die sosiogram blyk.

Hierdie spilpuntposisie is waarna Bullmore en Sporns (2009:188) verwys as ’n plaaslike spil (*provincial hub*) eerder as ’n skakelspil (*connector hub*). Die gelokaliseerde spil vorm sleutelskakels met nodusse in hul onmiddellike groepering, terwyl skakelspille verskillende groeperings verbind. Die verlies van ’n gelokaliseerde spil is natuurlik nie ewe katastrofies vir ’n netwerk as die verlies van ’n skakelspil nie, maar beïnvloed nietemin die funksionering van die netwerk ingrypend.

Haldane (2009:11) skryf hieroor:

> Long periods of apparent robustness, where peripheral nodes are subject to random shocks, should offer little comfort or assurance of network health. It is only when the hub – a large or connected financial institution – is subject to stress that network dynamics will be properly unearthed.

’n Aanduiding dat die Afrikaanse literêre netwerk gesond is, is derhalwe die feit dat die sisteemskokke wat in die 1990’s beleef is, soos beskryf deur Galloway (2002), Venter (2006:95–388) en Struik (2008), nóg die einde van die uitgewery met die hoogste tussenliggingsentraliteit, graadsentraliteit en spilwaarde veroorsaak het, nóg dat die veranderende mark ’n ineenstorting van die netwerk veroorsaak het – alhoewel ’n aantal uitgewerye, soos Perskor, (Kagiso-) HAUM, Taurus, Hond en Readers’ Digest, tot niet gegaan het.

5. Ten slotte

Verboord, Janssen en Van Rees (2006:290) voer die volgende aan:

> Op langere termijn behelst het product van een uitgeverij, haar fonds, behalve economische ook symbolische waarde, die afstraalt op nieuwkomers. Het uitgevershuis mag prestigieus heten, omdat het gerenommeerde auteurs in zijn fonds telt. Wordt het manuscript van een onbekende debutant uitgegeven door een dergelijk toonaangevend huis, dan straalt dat aanzien af op deze debutant.

Hierdie artikel het met enkele voorbeelde aangetoon hoe die uitgeweryprofiele van Hertzogpryswenners verskil. Sommige skrywers, soos André P. Brink en Breyten Breytenbach, publiseer by ’n groot aantal uitgewerye en beskik daarom oor ’n hoë mate van graadsentraliteit, terwyl ander, soos byvoorbeeld Deon Opperman, by ’n klein aantal uitgewerye hou.

Met betrekking tot graadsentraliteit is ook ondersoek ingestel na die publikasielyste van uitgewerye, en daar is gevind dat Tafelberg en Human & Rousseau die grootste getal Hertzogpryswenners se werke publiseer, terwyl African Sun en ander ’n lae graadsentraliteit het. Uitgewerye wat veral aktief betrokke by die publikasie van Hertzogpryswenners se werke is/was, is Tafelberg en Human & Rousseau.

In terme van tussenliggingsentraliteit en spilwaarde oorheers Tafelberg weer eens die onderhawige netwerk, wat beteken dat hierdie uitgewery 'n sleutelnodus in die netwerk rondom die Hertzogpryswenners is. Tafelberg is hiervolgens die uitgewery wat vermoedelik oor die meeste literêre prestige beskik, aangesien dit die dominante uitgewery met betrekking tot een van die mees prestigeryke Afrikaanse literêre pryse, naamlik die Hertzogprys, is.

Hierdie studie het egter slegs 'n deel van die Afrikaanse literêre netwerk onder die loep geneem, en bostaande gevolgtrekkings kan dus nie veralgemeen word na die hele netwerk nie (met ander woorde: Tafelberg is die aktiefste uitgewery in die publikasie van Hertzogpryswenners se werke, maar nie noodwendig die aktiefste uitgewery binne die volledige Afrikaanse literêre netwerk nie). In toekomstige navorsing sal ek meer skrywers in ag neem; en dit is ook belangrik om literatuurgeskiedenisse, resensies en akademiese studies te betrek ten einde 'n ontleding van die volledige Afrikaanse literêre netwerk te verskaf.

In hierdie artikel is die bevinding verder dat die onderhawige literêre subnetwerk dieselfde groeperingstruktuur as dié van komplekse netwerke in ander dissiplines vertoon, wat die toepaslikheid van die teorie van komplekse netwerke deur middel van deduksie verder illustreer. Dit is wel die geval dat "universal organizing principles apply to all networks, from the cell to the World Wide Web" (Oltvai en Barabási 2002:763) – die literêre subnetwerk kan tot hierdie lys gevoeg word.

Bibliografie

Amaral, L.A.N. en J.M. Ottino. 2004. Complex networks. Augmenting the framework for the study of complex systems. *European Physical Journal*, 38:147–62.

Anheier, H.K. en J. Gerhards. 1991. The acknowledgment of literary influence: A structural analysis of a German literary network. *Sociological Forum*, 6(1):137–56.

Anheier, H.K., J. Gerhards en F.P. Romo. 1995. Forms of capital and social structure of fields: Examining Bourdieu's social topography. *American Journal of Sociology*, 100:859–903.

Boccaletti, S., V. Latora, Y. Moreno, M. Chavez en D.-U. Hwanga. 2006. Complex networks: Structure and dynamics. *Physics Reports*, 424:175–308.

Bullmore, E. en O. Sporns. 2009. Complex brain networks: Graph theoretical analysis of structural and functional systems. *Nature*, 10:186–98.

Butts, C.T. 2009. Revisiting the foundations of network analysis. *Science*, 325:414–6.

Carstens, B.J.C. 2009. Hertzogprystoekennings vir drama: 1915–1971. PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Codde, P. 2003. Polysystem theory revisited: A new comparative introduction. *Poetics Today*, 1:91–126.

De Nooy, W. 1991. Social networks and classification in literature. *Poetics*, 20:507–37.

—. 2003. Fields and networks: Correspondence analysis and social network analysis in the framework of field theory. *Poetics*, 31:305–27.

De Wet, K. 1994. *Eiendoms Onbeperk*: Die onvoltooide groot gesprek met D.J. Opperman in die Afrikaanse poësie. PhD-proefskrif, Universiteit van Bophuthatswana.

Dorleijn, G.J. en K. van Rees (reds.). 2006. *De produktie van literatuur. Het literaire veld in Nederland 1800–2000*. Nijmegen: Vantilt.

Even-Zohar, I. 1990. Polysystem studies. *Poetics Today*, 11(1):1–94.

FMS Advanced Systems Group. 2012. Sentinel Visualizer 5.0: The new standard for data visualization and analysis. FMS Advanced Systems Group.

Galloway, F. 2002. Statistical trends in South African book publishing during the 1990s. *Alternation*, 9(2):204–25.

Haldane, A.G. 2009. Rethinking the financial network. Aanbieding by die Financial Student Association.

Haythomthwaite, C. 1996. Social Network Analysis: An approach and technique for the study of information exchange. *LISR*, 18:323–42.

Haythornthwaite, C., B. Wellman en M. Mantei. 1995. Work relationships and media use: A Social Network Analysis. *Group Decision and Negotiation*, 4:193–211.

Herrnstein-Smith, B. 1984. Contingencies of value. In Von Halberg (red.) 1984.

Ibsch, E. (red.).1991. *Empirical studies of literature.* Amsterdam: Rodopi.

Kapp, P. 2006. Verdeelde vennote: N.P. van Wyk Louw en die Akademie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 46(3):316–27.

—. 2009. *Draer van 'n droom. Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*. Hermanus: Hemel & See Boeke.

Lawson, E., T. Ferris, D. Cropley en S. Cook. 2006. *Development of a foundation for military network science*. University of South Australia: Systems Engineering and Evaluation Centre (SEEC).

Limburg, K.E., R.V. O'neill, R. Costanza en S. Farber. 2002. Complex systems and valuation. *Ecological Economics*, 41:409–20.

Luke, D.A. en K.A. Stamatakis. 2012. Systems science methods in public health: Dynamics, networks, and agents. *Annual Review of Public Health*, 33:357–76.

Newman, M.E.J. 2003. The structure and function of complex networks. *SIAM Review*, 45(2):167–256.

Nienaber, P.J. 1965. *Die Hertzogprys vyftig jaar. 'n Feesbundel*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Oltvai, Z.N. en A. Barabási. 2002. Life's complexity pyramid. *Science*, 298:763–4.

Ottino, J.M. 2005. New tools, new outlooks, new opportunities. *AIChE Journal*, 51(7):1840–5.

Petraeus, D. 2006. The U.S. Army / Marine Corps Counterinsurgency Field Manual. Washington: Department of the Army and Department of the Navy.

Prell, C. 2012. *Social Network Analysis. History, theory and methodology*. Londen: Sage.

SAAWK (SA Akademie vir Wetenskap en Kuns). 2011. Akademiepryse 2011. http://akademie.org.za/tuisblad/index.php?option=com_content&task=view&id=105&Itemid=152 (21 Januarie 2013 geraadpleeg).

Senekal, B.A. 2012. Die Afrikaanse literêre sisteem: 'n Eksperimentele benadering met behulp van Sosiale-netwerk-analise (SNA).
LitNet Akademies, 9(3):614–38. http://litnet.co.za/assets/pdf/Senekal_9_3_GW9.pdf.

Shavit, Z. 1991. Canonicity and literary institutions. In Ibsch (red.) 1991.

Sheard, S.A. en A. Mostashari. 2009. Principles of complex systems for systems engineering. *Systems Engineering*, 12(4):295–391.

Smuts, J.P. 2005. Die Akademie se letterkundepryse. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(1):1–14.

Staber, U. 2008. Network evolution in cultural industries. *Industry and Innovation*, 15(5):569–78.

Struik, W. 2008. Rampspoed en heropbou van die Afrikaanse boekebedryf: 'n Empiriese ontleding van die verkope van Afrikaanse boeke in die periode 2004–2007. *Stilet*, 20(2):218–55.

Van Coller, H.P. 2004. Is Leroux 'n vergete skrywer? *Stilet*, 16(1):1–31.

—. 2010. 'n Kritiese blik op enkele van die literêre pryse van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50(4):484–501.

Van Coller, H.P. (red.). 1998. *Perspektief en profiel*. Deel 1. Pretoria: Van Schaik.

—. 1999. *Perspektief en profiel*. Deel 2. Pretoria: Van Schaik.

—. 2006. *Perspektief en profiel*. Deel 3. Pretoria: Van Schaik.

Van der Elst, J. 2011. Maak seker van Hertzogprys-feite. *Die Burger*. (http://www.dieburger.com/MyDieBurger/Briewe/Maak-seker-van-Hertzogprys-feite-20110201) (21 Januarie 2013 geraadpleeg).

Van Rees, K. en G.J. Dorleijn. 2006. Het Nederlandse literaire veld 1800–2000. In Dorleijn en Van Rees (reds.) 2006.

Van Rees, K., S. Janssen en M. Verboord. 2006. Classificatie in het culturele en literaire veld 1975–2000. Diversificatie en nivellering van grenzen tussen culturele genres. In Dorleijn en Van Rees (reds.) 2006.

Venter, M.R. 2006. Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990–2005): 'n Empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem. PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Verboord, M. 2003. Classification of authors by literary prestige. *Poetics*, 31:259–81.

Verboord, M., S. Janssen en K. van Rees. 2006. Indicatoren voor classificatie in het culturele en literaire veld. In Dorleijn en Van Rees (reds.) 2006.

Viljoen, H. 1984. Die literêre sisteem van Dertig. *Literator*, 5(1):65–74.

Von Halberg, R. (red.).1984. *Canons*. Chicago: The University of Chicago Press.

Wang, X.F. 2002. Complex networks: Typology, dynamics and synchronization. *International Journal of Bifurcation and Chaos*, 12(5):885–916.

Wellman, B. 1983. Network Analysis: Some basic principles. *Sociological Theory,* 1:155–200.

Eindnotas

[1] Aangesien daar reeds heelwat oor die geskiedenis van en die kontroversie rondom die Hertzogprys geskryf is (kyk byvoorbeeld Nienaber 1965, Smuts 2005, Kapp 2006 en 2009, Carstens 2009 en Van Coller 2010), word die geskiedenis van dié prys nie hier verreken nie.

[2] Beskikbaar by: www.fmsasg.com/products/SentinelVisualizer.